# WEEK 20 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

## 1. ALGEMENE NUUS:

**PANEELGESPREK - NASIONALISME, POPULISME EN POLARISASIE - INTERDISSIPLINÊR-TEOLOGIES NAGEDINK:** Die tema van die paneelgesprek is die internasionale, asook nasionale groei in nasionalisme en populisme, asook polarisasie. Hoe kan teologies hieroor gedink word en wat is die betekenis hiervan vir kerklike praktyke?

Dié tema word op **Woensdag 26 Julie 2017 vanaf 11:00 - 13:00** (k 120, Teologie) deur 'n paneel bekende kenners bespreek. Die paneel bestaan uit prof Ruard Ganzevoort (Dekaan van die Fakulteit Teologie, Vrije Universiteit, Amsterdam asook internasionaal bekende praktiese teoloog); dr Ina Gouws ('n politieke wetenskaplike verbonde aan die UV) en prof Johann Rossouw ('n filosoof ook verbonde aan die UV). Almal is hartlik welkom! **Bevestig asseblief u teenwoordigheid vóór Dinsdag 25 Julie 2017 by Annelize Dreyer by dreyera@ufs.ac.za**

**SHEPHERD - VBO:** Klik **hier** vir die VBO-program vir die res van 2017.

**HERSTEL VAN NG KERKGEBOU, FRANKFORT:** Die NG Gemeente Frankfort, versoek vriendelik dat lesers van *Vrypos* asseblief die volgende webblad by **www.boerperd.co.za** sal besoek. Hierdie webblad het ten doel om belangstellendes aan te moedig om betrokke te raak in die herstelproses van hierdie pragtige historiese kerk, asook om meer inligting en foto's aangaande die herstelproses van hierdie pragtige historiese kerk, te voorsien. Die herstelproses is reeds aan die gang en vorder soos fondse dit toelaat. Vir verdere navrae kontak gerus die Kerkkantoor by 058 813 1487 (k/u Ma-Vr 08:00 – 13:00).

**ESPERANZA JEUGSORGSENTRUM KORT 'N NUWE VOERTUIG:**

Hierdie Sentrum in Bloemfontein se Kombi moet baie dringend vervang word - hulle verkoop kaartjies @ R50,00 elk om 'n seevakansie ter waarde van R5000 te wen.

**SLUITINGSDATUM:** 31 Julie 2017

**TREKKING:** 2de week van Augustus 2017

**Kaartjies beskikbaar by:**
NG Kerk Waterbron se Kerkkantoor
Tel: 051 445 2345 (k/u Ma-Vr 08:00 – 13:00), of by Esperanza Jeugsorgsentrum - Trysie by 083 696 2054

**GEBEDSGIDS:**

Die gebedsgids, ***Soak our country in prayer***, wat die NG Kerk saam met die SARK ontwikkel het, is nou ook in Afrikaans beskikbaar, gaan na **www.resources.christians.co.za**. Volgens die Algemene Sekretaris, dr Gustav Claassen, bied hierdie gids 'n wonderlike geleentheid aan gemeenskappe om gesamentlik vir 'n moeilike tyd in ons land te bid.

**#IMAGINE *SAVE THE DATE*:** #Imagine is volgende jaar vyf jaar oud en daar sal landswyd drie tot vier geleenthede gereël word. Volgens die organiseerders sal daar busse gereël word sodat alle sinodes dit kan bywoon - meer inligting volg later.

**'N 40 DAE VELDTOG OOR DIE VYF SOLA'S VAN DIE REFORMASIE:** Gedurende die **derde kwartaal van 2017** gaan gemeentes saamdink oor wat die: *Skrif alleen; Geloof alleen; Genade alleen; Christus alleen; Alleen aan God die eer*, vir ons vandag beteken.

**Wat is tot jou beskikking?:**

- 'n Boekie met ses weke se materiaal vir kleingroepe/bybelstudiegroepe/selgroepe of omgeegroepe (die boekie bevat ook 36 dagstukkies oor die Sola's) @ R25 per boekie.
- 'n Leiersgids wat die omgeegroepleier toerus om die gesprek te fasiliteer R25
- 'n DVD, as inleiding tot die Bybelbespreking @ R50 (Een DVD per groep).
- Ses weke se lesinhoud asook groepsaktiwiteite vir die laerskoolbediening @ R17
- Afsonderlike materiaal vir die tienerbediening @ R17
- 'n Temalied wat in die kwartaal in gemeentes gesing kan word: **https://youtu.be/ux3Ye2fuGcw**
- Preekriglyne/idees/wenke vir elke week (gratis).
- Hulp met die saamstel van 'n veldtog-span vir jou gemeente (gratis).

Indien jy ander gemeentes in julle ekumene wil nooi kan jy gerus die video-snitte hieronder aan die gemeentes in julle omgewing stuur:

Vir NG en enige ander Protestantse gemeentes: **https://youtu.be/bj7wrR-Hbpk**
Vir Gereformeerde gemeentes: **https://youtu.be/_fBVxl1pz84**
Hervormde gemeentes: **https://youtu.be/1uDnzhhQWTg**

**Hoe registreer jy vir die reeks?**
Stuur 'n e-pos na **nuus@ngwitrivier.co.za** om meer inligting en die bestelvorm te bekom, of vul die **BESTELVORM SOMMER NOU IN** - klik **hier**. **Die groot afskop is 13 Augustus 2017 en om betyds julle materiaal te kry moet julle nie later as 22 Junie 2017 jul bestellings geplaas het nie. Hierdie is 'n eenmalige geleentheid, moenie dit misloop nie.**

**WERKSWINKEL - *TRAUMATIC INCIDENT REDUCTION*:** Kom leer uiters bruikbare tegnieke om jou te help in pastoraat, berading en lewensbegeleiding. Die kursus is deel van *Applied Metapsychology International* se materiaal.

**Datum:** 7 - 10 Augustus 2017
**Plek:** NG Kerk Wesselsbron-Noord te Wesselsbron
**Punte wat verwerf kan word:** VBO 20 : PCD = 28 : SACSSP = 16
**Koste:** R4500, sluit in middagetes, verversings en materiaal
**Aanbieders:** Yvonne Retief (**http://yvonneretief.weebly.com**) en ds Petri Coetzee

**Getuienisse:**
"Vir die eerste keer voel dit of ek regtig mense kan help as Predikant"
"Ek het geleer, trauma is die wortel van baie gedragsprobleme in ons lidmate en nou kan ek hulle help!"
"My hele pastorale aanslag het verander. Ek is so opgewonde om meer te kan doen as net 'n Bybelvers gee en bid."

Kontak ds Petri Coetzee by 084 207 3508, of **dspetri@outlook.com** vir verdere besonderhede en inskrywingsvorm.

**SKITTERVROUE - BEKENDSTELLING VAN DIE NASIONALE VROUEKONFERENSIE 2017:** Alle vroue moet hiervan kennis neem en **gemeentes moet asseblief hierdie geleentheid onder alle vrouelidmate se aandag bring – besprekings het reeds op Donderdag 15 Junie 2017 geopen - registreer deur hier te klik.** Let op, die e-pos adres op die biljet (bl 3) ten opsigte van verblyfreëlings moet wees, **elizabethleroux@ymail.com.**

SKITTER
VROUE 2017
NASIONALE
VROUEKONFERENSIE
BLOEMFONTEIN | KOVSIEKERK
8-9 SEPTEMBER 2017
SPREKER: DR JANNIE LE ROUX
"DIE WONDER-WERK VAN VREUGDE"
KOSTE: R500.00
(ETES INGESLUIT)
Besprekings: Open 15 Junie
Verblyf R190.00 (B & O) Oranje Meisieskool:
epos: elizabethleroux@ ymail.com
NGK.SKITTERVROUE@GMAIL.COM | FACEBOOK: NGKERKSKITTERVROUE